# PAASSONDAG, VRYHEIDSDAG EN WERKERSDAG

Romeine 6

Ons het laas Woensdag **Vryheidsdag** gevier.
KOMPLEKS
**Raai-raai**: Ek het 'n lewendige dier. Dit is nie geboei of vasgemaak nie. Dit is ook nie in 'n hok nie. Tog is dit nie vry om te beweeg nie. Van watter dier praat ek? (vis op droë grond)
Dit illustreer dat vryheid nogal 'n **komplekse saak** is.

Bestaan ook baie MISVERSTANDE
*"Elkeen kan doen wat hy/sy wil."* … Nie= *Losbandigheid/ Wetteloosheid*. Maar vryheid en wette *klink teenstrydig*. En dan is dit ook nog moontlik dat iemand in 'n *tronk* kan vry wees en omgekeerd.

BYBEL
Kom ons luister vanmore na WAT ONS UIT DIE BYBEL OOR WARE VRYHEID KAN AFLEI. Hoe vry is ons werklik? Is ons vry soos **'n vis** in die water, of op droë grond? LEEF ons daardie vryheid?

BELOFTE
In die Ou Testament – bekende belofte in Jesaja 61 *"Hy het my gestuur om vrylating aan te kondig, vryheid vir die wat opgesluit is …"*

VERVULLING
Hierdie belofte is vervul met die koms van Christus. Ons kan seker na Hom verwys as 'n **"Vryheidsvegter"** wat sy lewe afgelê het ter wille van die vryheid van ander.
In **Johannes 8** lees ons sy woorde toe Hy gesê het: *"Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees."*

OPSTANDING
Paulus gebruik in **Romeine 6** die beeld van die **opstanding om dit te verduidelik**.
<u>Dis dus heel gepas dat ons die opstanding en Vryheidsdag in dieselfde week gevier het</u>.

SLAWE
Eers, sê hy, was ons **slawe van die sonde** (:6). <u>Wat het dit in sy tyd beteken om 'n slaaf te wees?</u> Millenium Bybel: "Op daardie stadium (eerste eeu) was daar glo meer slawe as vry mense in Rome. Hulle het toe feitlik geen wetlike regte gehad nie. Romeinse burgers kon hul slawe na goeddunke uitbuit, mishandel en selfs kastreer of doodmaak. Ongehoorsaamheid is swaar gestraf. Strawwe het ingesluit die doodstraf, lyfstraf of die verkoop as galeislaaf, prostituut of gladiator. Daar was nietemin ook die uitsonderinge waar slawe baie goed en selfs soos eie kinders behandel is.
Miskien het jy ook al gewonder waarom Paulus hom nêrens teen hierdie onmenslike praktyk uitgespreek het nie. 'n Mens moet sekerlik in gedagte hou dat Paulus 'n mens van sy tyd was. Maar belangriker is die feit dat sy eerste prioriteit was om hom teen 'n veel erger vorm van slawerny te verset – die slawerny van sonde waaroor dit ook in Romeine 6 gaan. Die wonderlike is dat bevry van sonde, gelowiges mettertyd ook die sosiale implikasies van hul nuwe verhouding met God sou insien en deurvoer deur

slawe vry te laat.”  Hulle het besef dat ‘n mens se **christenskap** ook te doen met hoedat jy jou *werk doen* en hoedat jy jou *werknemers behandel*.
Dit sluit weer aan by **Werkersdag** wat vandag wêreldwyd gevier word. **Martin Luther** sou glo gesê het dat selfs jou hond behoort te kan agterkom dat jy ‘n christen is! **Ek hoop** dat ten minste u werknemers en u werkgewer, u kliënte en klandisie, kan agterkom dat u ‘n christen is sonder dat u dit vir hulle hoef te sê! (besoekers Beertjiefees)

DOOIE SLAWE
Ons was slawe ***van die sonde.***. Ons het gedoen wat Satan en ons sondige natuur wou. Wanneer ‘n slaaf **sterf**, het sy eertydse baas egter *geen mag* meer oor hom nie. ‘n Dooie slaaf kan en hoef daarom nie meer sy eertydse baas te *gehoorsaam nie*. En dit is wat kinders van die Here is: **dooie slawe van die sonde.** Ons is **deur die geloof met Jesus verenig** sodat alles wat met Hom gebeur het, ook vir ons toegereken word. Luister hoe klink die **parafrase** van verse 6 en 7 in Die Boodskap: *“Ons weet mos dat daardie sondige mens wat ons eenmaal was, kant en klaar saam met Jesus gekruisig is. Ons ou self, wat van vroeg tot laat agter elke sonde aangeloop het, is nou morsdood  en begrawe.  Daarom is ons nie meer slawe van die sonde nie. Sonde het mos nie ‘n houvas op iemand wat klaar doodgegaan het nie.”*
Ja, ons het ook saam met Jesus **opgestaan.** Ons lewe dus, maar waar ons vantevore <u>vir die sonde</u> gelewe het, lewe ons nou <u>vir God</u>: *“Julle moet net soos Jesus leef: beskou julleself as dood vir die sonde. Leef net vir God!”* (Die Boodskap)

VERSOEKINGS
Wanneer **die versoeking** om te sondig dus nou weer na jou toe kom, onthou: Jy HOEF nie langer daaraan toe te gee nie. Dit is nie meer jou *baas nie*. Jy staan nie meer in sy *diens* nie. Jy is **vry**. Jy is so goed as *dood.* Satan staan voor **dooiemansdeur!** (<u>*lees :12-13a*</u>)
Op ‘n ander plek skryf Paulus: *“Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. <u>Staan dan vas</u> in hierdie vryheid en <u>moet julle nie weer</u> onder ‘n slawejuk laat indwing nie.”* (Gal 5:1)

VRYHEID VAN
Hierdie vryheid van die kind van die Here is eerstens ‘n vryheid VAN sekere goed. Ons is **vry van** die ondraaglike las om deur *wetsonderhouding* ons saligheid te probeer verdien. In Kolossense 3 word o.a. ook die volgende waarvan ons bevry is, genoem: *onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes en gierigheid; woede, haat, nyd en gevloek; vuil taal, leuens.* Ons het **geen rede** om langer aan hierdie soort versoekings toe te gee nie. **Moenie sê** ek is nou maar *eenmaal so*,  ek is so gemaak en so gelaat staan nie. Sê vir jouself dis dinge wat **hoort by** die ou lewe, toe jy nog nie vry was nie. Die mens wat hom/haar met sulke goed opgehou het, is egter nou dood en begrawe. Ek moenie toelaat dat hy nog by my kom *spook* nie. Jesus het my vry gemaak!
Hy het my vry gemaak sodat ek nie meer met *bitterheid* in my hart hoef te lewe nie. Hy het my vry gemaak van ‘n *swak selfbeeld* en van *hoogmoed*; van *vrees vir mense* en hul opinies oor my; van *bekommernis* oor die dag van more; van *onsekerheid* oor my ewige bestemming; van *selfsug en eersug*. Hy het gekom om my ook vry te maak van ‘n *oormatige afhanklikheid* van ander of  van iets anders.
Maar hierdie vryheid is ook ‘n

VRYHEID <u>TOT</u>
Ons het reeds gehoor dat ons wat vrygemaak is nou ons vryheid moet gebruik om VIR GOD te lewe (:11). Jesus het ons vry gemaak sodat ons nou kan lewe **soos wat God wil hê**. Paulus skryf dat in plaas daarvan dat ons ons liggame in diens van die sonde stel, moet ons elke deel in diens van God stel as werktuig om te doen wat God wil (:13, 14). Die Boodskap: *"Doen net wat God sê met elke krieseltjie krag in elke liggaamsdeel van julle."* (:13) Ons het nou slawe ***van God*** geword wat <u>**sy**</u> wil doen (:18) . Dit is dus nie 'n vryheid sonder reëls nie. As ons die **visse** is, is Sy wil die water. <u>Ons is op ons vryste as ons binne Sy wil beweeg.</u> (anders soos vis op droë grond)
Mense wat God in plaas van die sonde dien, vertoon volgens Kolossense o.a. die volgende **kenmerke**: Hulle i*s meelewend, goedgesind, nederig, verdraagsaam, geduldig, vergewensgesind, liefde*. Jesus het ons vrygemaak om te kan **liefhê**, om **Sy voorbeeld** te kan volg, om weer **beelddraers** van God te kan wees, om **kinders van God** te kan wees, om Hom **plesier** te verskaf.

Geliefdes, hoe wonderlik dat christene **elke dag** hierdie vryheid kan vier, selfs in lande waar daar NIE *politieke of selfs godsdienvryheid* is nie; selfs in 'n *gevangenis* of waar iemand aan 'n *siekbed vasgekluister* is. WAARDEER ons die vryheid wat Jesus vir ons met Sy dood verwerf het en GEBRUIK ons dit om God te dien?

VRUG EN UITEINDE
"Jy moet weet, dat as jy, selfs nadat Christus jou vrygekoop het, met volharding aanhou om vir die sonde te werk, die sonde dan aan jou **'n salaris** sal betaal. Daardie salaris is **die dood**. *"Die loon wat die sonde gee, is die dood…" (:23)* Met dood bedoel Paulus nie net die sterwe van die liggaam nie, maar ook die ewige dood, die hel." (Millenium Bybel)
God, daarenteen, betaal nie 'n salaris nie – Hy gee 'n **genadegawe,** die **ewige lewe**, en dis baie meer as wat 'n salaris ooit kan wees! *"… die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here."* (:23)

ROEPING
Verlede Sondag het ons **Paassondag** gevier – Jesus se opstanding en ons eie opstanding saam met Hom. Woensdag kon ons ons **vryheid vier** omdat ons nie langer die slawe is van die sonde nie. Vandag vier ons **Werkersdag** omdat dit so 'n absolute voorreg is om werkers in diens van God te wees! **Probeer om altyd te onthou:** Ons het saam met Christus gesterf en opgestaan en is nou vry om aan ons roeping te beantwoord om God voluit te dien! Dan sal ons ook ons **burgerlike vryheid** met *verantwoordelikheid* gebruik en as **werkgewers en werknemers** 'n *voorbeeld* stel.

Amen.
1.5.11

Vraag: Watter verband sien jy tussen Paassondag, Vryheidsdag en Werkersdag?
(Antw: Wanneer jy glo in Jesus wat vir jou sonde gesterf en opgestaan het, ontvang jy 'n vryheid wat selfs in 'n gevangenis nog jou deel sal wees en wanneer jy die vryheid reg gebruik nl om God te dien, sal jy 'n goeie werker en werkgewer wees.)